

**Saterdag 19 September**

**Skrifgedeelte: Ester 3:8-15**

**Fokusgedeelte: Ester 3:8, 9**

### **Die stryd woed voort!**

**S**atan is hier besig om 'n aanval op die kerk te loods. Wat ons hier lees, is nog 'n episode in die stryd tussen die slang en die saad-van-die-vrou (Gen. 3:5). Die aanslag is fel, maar God bly aan die stuur van die gebeurtenisse en bly onder alle omstandighede getrou.

Ahasveros het Haman tot 'n baie hoë posisie bevorder. Op bevel van die koning moet almal nou voor hom buig. Mordegai weier omdat hy 'n Jood is. Hieroor was Haman woedend en besluit om nie net vir Mordegai uit te wis nie, maar ook die hele Joodse volk in al die provinsies. Hy sweep daarom vir koning Ahasveros teen Mordegai en die volk op (3:8). Hy bied selfs hiervoor 'n omkoopgeskenk aan. Die koning gee vir Haman sy koninklike seëlring sodat die uitwissing van die Jode 'n wet van Mede en Perse word.

Haman word voorgestel as 'n Agagiet (3:1) en Mordegai as 'n afstammeling van Kis uit Benjamin (2:5). Dit roep die ou stryd tussen God en Satan op soos Genesis 3:5 dit beskryf.

Keer op keer wou Satan die volk van die Here (saad-van-die-vrou) al uitwis. Hy wou die geboorte van Jesus Christus voorkom. Dink maar aan die farao wat die seuntjies van die Israeliete doodgemaak het. Baie jare later, toe Jesus gebore is, het hy weer al die babaseuntjies probeer doodmaak, maar Maria en Josef vlug na Egipte. Op Golgota het die slang gedink hy het oorwin, maar dan staan Jesus Christus as oorwinnaar uit die dood op!

Omdat die duiwel Jesus Christus nie kon oorwin nie, is die kerk nou in sy visier. Die kerk, ek en jy, staan in 'n stryd (vgl. Op. 12). Tot vandag toe nog!

Uit Ester 3 en 4 kan ons egter sien dat God vertrou kan word wanneer Satan aanval. *Soek daarom jou krag in die Here en in sy groot mag* (Ef. 6:10).

*Sing: Skrifberyming 14-3:1, 2*

*Ds. BR Kingma (Reinder) (Bellville-Oos)*